FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee • omgee • aangee



15 November 2026

Wat jy hierdie week moet weet!

erediens

SONDAG

Jy is hartlik uitgenooi na Sondag se erediens om 09:30 by die kerk te Sinksabrug. Dit is ‘n gesinsdiens en Bart kom kuier. Ons doop ook vir Wilger de Swardt. Kom drink lekker koffie saam met ons na afloop van die erediens.

DEUROFFER: STRAATWERK

Straatwerk is ‘n Christen organisasie wat vir die afgelope 55 jaar as deel van ons kerkfamilie uitreik na: vroue vasgevang in prostitusie, hawelose mense en diegene wat betrokke is in die nagklubkultuur van ons stad. Deur werk-rehabilitasie (Ophelp Projek) skep ons geleenthede vir hawelose mense om op ‘n eerbare manier ‘n inkomste te verdien deur harde werk as ‘n alternatief vir bedelary en misdaad. In ons uitreike nooi ons vroue wat in prostitusie vasgevang is om deel te raak van ‘n verskeidenheid rehabilitasie inisiatiewe. Straatwerk is reeds sedert 2009 besig met ‘n voorkomingsveldtog in skole om kinders in hoë risiko areas te waarsku teen seksuele misbruik en prostitusie.

Ds. Fourie Truter / 021 930 8055 / fourie@straatwerk.org.za

DEUROFFERS

Verlede Sondag het ons R2 881 ingesamel vir Outeniqualand se Diensgroep vir Gemeente Bediening. Volgende Sondag se deuroffer is vir Outeniqualand se Koor.

VOLGENDE SONDAG

DAAR IS GEEN OGGENDDIENS NIE



oorgee

KLEINGROEPE

Bybelstudies

Skakel gerus vir Pieter Landman by 072 518 6964 as jy belangstel om aan te sluit.

- Mansbybelstudie is Do om 08:00 in die KH-saal.
- Damesbybelstudie is Do om 09:30 in die KH-saal.

Dissipelskapgroepe

- Donderdagmiddae om 15:30 in KH-saal
- Donderdagaande om 18:30 in kerksaal Sinksabrug

GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nrs.: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/ Bankkollekte ens.*

Snap here to pay

SnapScan

FNB
First National Bank

In elke seisoen bly die Here goed, en daarvoor is ek dankbaar.

"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van bo."
Jakobus 1:17

omgee

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat 15 tot 21 November:

So 15

Magriet Bylsma
Ralie Denobili

Ma 16

Jasper Müller
Toetie Schutte

Di 17

Attie Labuschagne
Ilse Louw

Wo 18

Henriette Bothma
Annemarié Meyer
Sanet Nortje
Maryna van der Westhuizen

Do 19

Pierre Grobbelaar

Sa 21

Philip Botha
Audrey Labuschagne



IS GEBED JOU PASSIE?

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed! Kontak asb. vir Ina by 083 512 2974.

Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- ✞ 'n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal in Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!
- ✞ 'n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in die kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate.

ONS BID VIR...

1. Straatwerk (Deuroffer): Bid vir elkeen wat uitgaan en die evangelie verkondig op ons eie strate. Bid ook veral vir elke mens wat 'n lewe op straat probeer voer.

2. Bid vir ons <u>beskermingsdienste</u> - hul eie veiligheid, bekwaamheid en ware omgee vir elkeen wat hulp nodig het.

3. Bid vir die voorbereiding van ons gemeente se <u>Kerssangdiens</u> – vir Tinus en die musiekbediening, die koor, Petronel en elkeen betrokke.


4. Bid vir volharding en deursettingsvermoë vir elke student, matrikulant en skolier vir die <u>eindeksamen</u>.

5. <u>Bid die Woord</u>: (Kol. 3:12) "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het." Dankie Here!

DANKIE:

1. Dat God regeer. (Ps. 146:10)

2. Vir elke omgee-mens wat ons kan skakel in tye van nood. Dankie dat God hulle gebruik om te help en te beskerm.



<u>GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:</u>

Smith Wigglesworth het gesê: "The man who kneels most, stands best."

<u>Kronies:</u> Annemarie Swart, Justin Deysel. ***<u>Herstel:</u>*** Isabelle Winnertz , Lettie Zondagh, Liesie Müller, Johan Retief, Nadia Botha, Stoffel Bester, Koos Uys, Daan Rossouw, Carlien Grobbelaar, Ina Theron, Mike Bands. ***<u>Kanker:</u>*** Reiner Becker, Irmgard Nel, Elize Odendaal, Roelf van Schalkwyk, Ronel Skeen, Joey Buitendagh se dogter Karina Richter.

<u>Troos:</u> Ons bid die Here se troos toe vir Rachie Steenberg en familie met die heengaan van haar broer.

OMGEEBEDIENING

As jy voel jy beskik oor die gawe om mense Sondae vriendelik en spontaan by die deure te verwelkom..... kontak Maryna by 082 650 7613.



aangee

GETUIENISKUIER

Woensdag 18 November om 15:30 by die Kobus Hattingh-saal

Die Diensgroep vir Getuienis kuier op Woensdag 18 November om 15:30 saam by die Kobus Hattingh-saal. Ons nooi jou uit om saam te kom dink oor vlg jaar se beplanning. En as jy wil inskakel by die Diensgroep, is jy meer as welkom om te kom inloer. Vir meer inligting kan jy vir Charles by 082 402 9312 kontak.

inligting

KALENDER VIR 2027



2027 is om die draai! Die jaar het behoorlik gevlieg. Daar gaan binnekort in alle erns begin beplan word aan die 2027 kalender. Gemeentelede kry vir 2027 weer die geleentheid om 'n bladsy in die kalender te borg @ R500. Op jou bladsy kan jy 'n mooi teksvers of geestelike aanhaling, wat vir jou besonderse betekenis het, met die gemeente deel.

Stuur 'n whatsapp na 082 3 456 456 of 'n epos aan ngouteniqua@gmail.com.

Dankie vir die vinnige reaksie – Junie, Augustus, September, Oktober, November is reeds geborg

BLOMME VIR 2027



As jy kans sien om volgende jaar 'n beurt te vat om die liturgiese ruimte te verfraai met blomme/ander versierings, laat weet asb. vir Merinda by die kerkkantoor (044-876 0158) of stuur 'n WhatsApp aan 083 4 526 526.

BLY OP HOOGTE!

Indien jy op hoogte wil bly van die gemeente se aktiwiteite **via Whatsapp**, stuur 'n Whatsapp na ds Jan se nr (084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap aan te vra hiervoor nie).

WIT OLIFANTE



Dit raak weer tyd om in jou kaste en motorhuis al die **Wit Olifante** bymekaar te maak en aan te stuur kerk toe. Daardie wees-olifantjies wat die afgelope jaar stof vergader het in die motorhuis of stoorkamer wil graag nuwe eienaars by die basaar kry.

Die kontakperoon vir die Wit Olifante is Pieter Stoltz by 082 851 4296. Hulle sal reël dat die olifante opgelaai word. Jy is welkom om pryse op die items te plaas waarteen dit verkoop kan word – maar as dit nie verkoop word nie, word die hoogste prys aanbod aanvaar.

Slegs heel en bruikbare items asseblief!

VERFWERK

Die kerktoring moet aan die buitekant geverf word. As jy weet van iemand wat so iets doen en vir wie die kerk met so 'n kontrak kan vertrou, laat weet asb. vir Pieter Stoltz by 082 851 4296.





BEKENDSTELLING

Vlerke is vir vlieg
deur
Jeanne Henning Els

Gespreksleier: Dr Daniel Hugo
Sang deur Adam du Plessis


18 Nov, 09:30 vir 10:00–12:00

Groenkloof, Sandhoogtepad,
Groot-Brakrivier

Toegang gratis
(donasies welkom)

RSVP: Bel 082 752 2287 teen 16/11;
besprekings noodsaaklik, plek
beperk;

Versnaperinge word bedien;
boeke te koop (kaart/kontant)



Turksoy PUBLIKASIES



Kontak ds. Jan by 084 258 8646 of janfourie7777@gmail.com.
Hy besoek jou graag. Neem asb. vrymoedigheid om met ons te skakel indien jy behoefte het aan 'n besoek.

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158/ngouteniqua@gmail.com of kom besoek die kerkkantoor Dinsdae tot Vrydag (08:30 - 13:30) asook Woensdag (15:00 - 16:30) en Sondae (09:00 tot 11:00).

Annemarie as Fasiliteitsbestuurder kan gekontak word by 084 551 6282 en Tinus ons orrelis by 072 649 2596.

Besoek ons ook by www.outeniqualand.co.za
of op Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.

snuffelhoekie

PENDELDIENS

Een van ons lidmate het begin met ‘n Lughawe- en Dorp-pendeldiens. Hy kan help so wyd as Oubaai/ Heroldsbaai/Glentana/Groot Brak-rivier/Wildernis/Victoriabaai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.

DUBBELDEUR YSKAS

Daar is ‘n dubbeldeur yskas beskikbaar vir wie ook al hom kan kom haal. Sy vriesgedeelte werk nie meer nie, maar hy hou nog koud. Kontak Magda by 074 064 8814

Outeniqualand-gemeente staan nie in vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer nie en vrywaar haarself van enige skade en/of verliese wat deur of as gevolg van ‘n advertensie gely word.

Indien jy as lidmaat ‘n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda by die kerkkantoor ngouteniqua@gmail.com of 044-876 0158.

